

DIE HUGENOTE-GEDENKGEBOU, KONINGIN VICTORIASTRAAT 48, KAAPSTAD

J. Raubenheimer
Departement Volkswelsyn en Pensioene, Kaapstad

INLEIDING

As moederstad van die Republiek van Suid-Afrika is Kaapstad ryk aan historiese besienswaardighede soos pleine, monumente, historiese geboue, ens. In Koningin Victoriastraat (voorheen Tuyn- en later Newstraat) is daar byvoorbeeld drie historiese geboue wat die aandag trek vanweë argitektoniese styl en boumateriaal. Die drie geboue is die Kaapse Argiefbewaarplek (bloot bekend as die Argief), die (Old) Training College en die Hugenote-Gedenkgebou.

Die Departement van Volkswelsyn (tans die Departement van Volkswelsyn en Pensioene) het die Hugenote-Gedenkgebou in 1948 betrek en benut dit steeds as 'n streekkantoor vir die gebied Wes-Kaapland. Die gebou het 'n opvallende U-vormige bouplan en is ooglopend nie funksioneel op- en ingerig om as blote kantoorakkommodesie te dien nie. Ander opvallende eienskappe van die gebou is byvoorbeeld 'n groot saal van 27 m by 20 m op die eerste vloer aan die Keeromstraat-kant daarvan. Die saal het 'n hoë gewelf en galery aan drie kante. Die grondvloer is met die eerste vloer verbind met 'n breë houttrap vanuit die geplaveide ingangsportaal. Die balustrade van die trap bestaan uit opvallende houtwerk en die mure van die ingangsportaal is tot op die eerste vloer versier met duursame houtpanele. Voorts het die gebou 'n binneplein wat aan die straatkant met traliewerk versier is en 'n imposante hek wat uit klip en ysterwerk bestaan. Die gebou was dus ooglopend nie bestem om as blote kantoorakkommodesie te dien nie.

Die naam van die gebou is 'n heenwysing op een of ander verbintenis met die Hugenote van 1688. Die hoeksteen is opgespoor maar dié is ontdaan van enige inskripsie hoegenaamd. Om duidelikheid te kry oor die geskiedenis van die gedenkgebou is gedokumenteerde navorsingsmateriaal gebruik en wat daaruit versamel is, word saamgevat in die volgende paragrawe.

Aanloop tot die oprigting van die gebou

Die Hugenote het in Kaapstad geland op 13 April 1688. Waarskynlik as gevolg van ekonomiese redes het die H.O.I.K. geen eeufeesvierings gereël in 1788 nie. Dit kan ook moontlik daaraan toegeskryf word dat die volle bydrae van die Hugenote tot die land se kultuur, godsdiens, landbou, ens., nog nie teen daardie tyd d.w.s. 1788, in volle perspektief gesien was nie.

Eers in 1824 is die eerste kollektelyste uitgestuur met die doel om die geld in te samel vir een of ander gedenkvoorwerp. Hierdie skema het egter op nikis uitgeloop nie. In 1851 het die boere van Drakenstein 'n skool opgerig waarvan een vertrek benut was vir die bewaring van oudhede wat aan die Hugenote behoort het.

In 1885 is die herroeping van die Edik van Nantes herdenk en in alle gemeentes van die N.G. Kerk is spesiale Hugenote-herdenkingsdienste gehou. Feesverrigtinge is veral in Wellington gehou gedurende Oktober van 1885 en by dié geleenthed is die hoeksteen gelê van die Goodnosaal van die Hugenote-Seminarie.

Gedurende hierdie feesverrigtinge het die oprigting van 'n Hugenotemonument weer opnuut ter sprake gekom. So is daar gedurende dié jaar (1885) 'n vergadering belê wat deur 25 vooraanstaande persone, hoofsaaklik lede van die parlement, byge-

woon is. Sir Henry de Villiers (latere hoofregter van die Unie van Suid-Afrika) was die voorsitter en die sekretaris was mnr. Christoffel Coetzee de Villiers wat later roem verwerf het vir sy belangstelling en werk in verband met ou Kaapse families. Daar is by hierdie vergadering besluit om in 1888, dus tweehonderd jaar na die aankoms van die Hugenote, feesvierings te hou en om 'n monument in Kaapstad op te rig. Die inwoners van die Paarl was nie gediend met die gedagte van 'n monument in Kaapstad nie en het besluit om in die Paarl ook 'n monument op te rig. Dié besluit is egter nie uitgevoer nie.¹

Kollektelyste is weer uitgeskryf en die Sinode van die N.G. Kerk besluit in 1897 dat 'n Sinodalegebou opgerig moet word. In Desember 1897 is 'n perseel in Koningin Victoriastraat vir £10 500,00 aangekoop. In Maart 1899 is met die bouery begin.² Die hoeksteen met inskripsie:

Ter gedachtenis aan de Hugenoten 1688 – 1899. Op u hebben onze vaders vertroud. Ps. 22 vs. 5.

is op 24 Augustus (die gedenkdag van die Bartholomeusmoord) 1899 gelê deur den Hooged. heer sir J.H. de Villiers, PC, KCMG, hoofdrexchter der Kaapkolonie en zelven een nakomeling der Hugenoten.³

Die Kerkbode beskryf die hoekstaanlegging soos volg:

Ondanks het regenachtig weer, vergaderde er op 24 Augustus 1899 te 3 uren een grote schare van de edelsten in den landen op het terrein aan de Queen Victoria straat, Kaapstad, waar thans die Hugenoten gedenkzaal in aanbouw is, ter bijwoning van de hoeksteenlegging van dat gedenkteken, dat dienen moet ter nagedachtenis der Hugenoten voorvaderen.⁴

Die gebou is op 15 Oktober 1903 deur die Sinode amptelik in gebruik geneem.

Die konstruksie van die gebou

De Kerkbode van 31 Augustus 1899 beskryf die gebou soos volg:

Het gebou bestaan uit een synodale zaal aan het Keeromstraat einde van het bouperseel met een ruime binnenplaats met vleugels aan iederen kant naar Queen Victoriastraat. De synodale zaal is op de eerste verdieping, rechthoekig, 88 voet bij 65 met ruimte voor 240 leden. Rondom deze ruimte loopen aan drie zijden galerijen waar een 400 toehoorders plaats kunnen nemen. De zaal is zooingericht dat het mogelijk is de personen op het platform te zien en te hooren van uit alle kanten der zaal. Het dak is hoog en in gebogen vorm rustende op een arcade aan beide sijden en van zeer goede ventilatie middelen voorzien. Het licht komt in van drie zijden door vensters van cathedraal ruiten voorzien. Naast aan de zaal is een consistorie kamer 40 bij 25 voet, een moderators vertrek en wasch en kleed kamers en comité kamers. Uit het voorportaal leidt een trap naar de zaal en andere vertrekken. Toegang tot de galerijen wordt verkregen door twee deuren uit Keeromstraat. Ter zijde van het voorportaal komt een verversing kamer en kleed en wasch kamers. Aan den linkerkant zijn 2 kantoren en een vuurproef vertrek voor gebruik der kerkekantoren.

Onder den vuurproef vloer van de synodale zaal zijn er drie grote stores en 3 kantoren. -

1. *Standard Encyclopaedia of South Africa*, Vol. 5, p.648.

2. Brief van 10 November 1978 van die Argief van die N.G. Kerk in Suid-Afrika, Kaapstad.

3. *De Kerkbode*, 31 Augustus 1899.

4. *De Kerkbode*, 31 Augustus 1899.

De meeste kantoren zijn in de twee vleugels met toegangen naar Queen Victoriastraat. Het beste bouwmateriaal wordt gebruikt en de rieoleering zal volgens de nieuwste methoden zijn. Het gebouw zal met elektrisch licht verlicht worden.

De stijl van bouw is eenvoudig — geen grootsch uiterlijk vertoon — daar men meer het oog had op soliditeit en degelijkheid en een stijl behoefde waardig aan de tradities ter Hugenoten voorvaderen. Het gebouw heeft het voorkomen van stille waardigheid en is zeer gepast voor het doel.

Die Hugenote Gedenkteken en Pres. S.J.P. Kruger

De Kerkbode van 1 Desember 1904 beskryf hoe die stoflike oorskot van pres. Kruger op 29 November 1904 in Tafelbaai aangekom het aan boord van die Batavier VI wat skynbaar spesiaal vir die taak afgesonder en voorberei is. Op Donderdag 1 Desember 1904 is die kis aan wal gebring en in 'n optog van 150 voertuie is die kis

"van de kade tot aan't Hugenoten Gedenkteken, in Queen Victoria straat, terwyl aan beiden zijden van den langen weg een dichte massa verzameld was uit alle nationaliteiten, om in diepe stilte hulde te bewijzen aan het stoffelik overschot van den waardigen overleden. Tot op Dinsdag avond den 6 uur dezer lag het lijk in statie in gemeld gebouw, dat gedurende die dagen door vele duizenden werd bezogd. Ongeveer 11 000 bezoekers teekenden hunne namen terwyl toestroomen der scharen van bezoekers daartoe geen gelegenheid vonden".⁵

'n Argitek wat betrokke was by veranderings aan geboue in Koningin Victoriastraat skryf in Mei 1978 soos volg:

"It is probably the building which was then built as synod hall and was also supposed to be a monument to the memory of the Hugenots of 1688 hence the name Hugenote gebou.

President Kruger lay there in state in 1904 when his body was on the way from Zwitzerland to Pretoria".⁶

In vele ander geskrifte word die instaatsielegging van die stoflike oorskot van die president in die sinodesaal van die Hugenote-gedenksaal beskryf.⁷

Om te verhoed dat hierdie historiese gebeurtenis in die toekoms vergete raak, is 'n marmergedenksteen op 8 Junie 1979 deur die Minister van Volkswelsyn en Pensioene onthul. Die Afrikaanse inskripsie op die gedenksteen lees soos volg:

INSTAATSIELEGGING VAN S.J.P. KRUGER IN LEWE STAATS-PRESIDENT VAN DE ZUID-AFRIKAANSCHE REPUBLIEK

In hierdie eertydse sinodesaal van die Ned. Geref. Kerk in S.A. het die stoflike oorskot van President S.J.P. Kruger in staatsie gelê vanaf Donderdag 1 Desember tot Dinsdag 6 Desember 1904.

Die beëindiging van kerkbesit van die Hugenote-Gedenkgebou

Die Sinode van die N.G. Kerk het slegs by twee geleenthede (1906 en 1909) in die Hugenote-Gedenkgebou vergader. Daar was toe reeds behoefte aan 'n meer doeltreffende lokaal.⁸

5. *De Kerkbode*, 1 Desember 1904, p.589.

6. Brief gedateer 25 Mei 1978 van mnr. H.J. Louw van De Beersweg 131, Strand.

7. Kyk bv. D.W. Kruger, *Paul Kruger*, 1961.

8. A.P. Smit, *Inwyding van die Nuwe Kerksentrum vir die Nederduits Gereformeerde Kerk*, 21 Oktober 1965: Kaapstad: Gedenkprogram deur Nasionale Handelsdrukery, p.7.

Die Sinodes van 1915 en 1919 het sitting gehad in die Groote Kerk. Die Hugenote-Gedenkgebou is gevvolglik op die mark geplaas. Op 21 Junie 1920 staan die volgende aangeteken in die notule van die Kerkekantoor Commissie Vergadering:

Aan de orde komt 't verkopen van de *Hugenoten Gedenkgebouwen* en de zaak-gelaastigde legt ter tafel een schryven van den Secretaris van Publieken Werken waarin hy namens den Minister van Publieken Werken aanbiedt de Gebouwen te koopen voor de som van £45 000 (Vyf en veertig duizend pond egt) op voorwaarde dat 't gebou op 1 October 1920 in naam van de Regering geregistreerd zullende dan de koopsom op dien dag worden betaald.⁹

Volgens die notule van dieselfde Commissie se vergadering van 18 Oktober 1920 het die saakgelastigde die vergadering meegedeel dat die Hugenote-Gedenkgebou aan die Regering verkoop en die koopsom ontvang is en dat

..... de inscriptie op den hoeksteen uitgebeiteld is.¹⁰

'n Graniethoeksteen sonder enige inskripsie daarop is ingemessel onder die linkerhandse venster langs die hoofgang vanuit die binneplaas. Dit is sekerlik baie jammer dat so 'n belangrike stukke geskiedenis uitgewis moes word op 'n hoeksteen wat vir baie komende geslagte net 'n granietsblok sonder enige betekenis sal wees.

Die Argief van die N.G. Kerk in Suid-Afrika het op 9 Januarie 1979 bevestig dat geen besluit gevind kon word wat lig daarop konwerp waarom die inskripsie op die hoeksteen verwijder is nie. Na onderhandelinge met die Saakgelastigde van die N.G. Kerk in Suid-Afrika is deur laasgenoemde toestemming verleen dat die inskripsie weer op die hoeksteen aangebring kan word. In samewerking met die betrokke argief is vasgestel dat die inskripsie op die hoeksteen soos volg was:

HET HUGENOTEN GEDENKTEKEN

Ter gedachtenis aan de Hugenoten 1688 - 1899. Op u hebben onze vaders vertrouwd. Ps 22 vs 5.

De Hoeksteen van dit gedenkteken is gelegd in den Naam des Drie Eenigen Gods, op heden den 24 sten Augustus (den gedenkdag van den Bartholomeus moord), van het jaar onzes Heeren Een duizend acht honderd negen en negentig (1899), door den HoogEd. heer Sir J.H. de Villiers, PC; KCMG, hoofrechter der Kaapkolonie.

Die Regering is voorsien van die nodige geskiedkundige feite en toestemming is verleent vir die aanbring van die inskripsie. Die tegniese besonderhede word nou bereken en die inskripsie sal eersdaags op die hoeksteen aangebring word.

9. Notule van die Kerkekantoor Commissie Vergadering, Maandag 21 Junie 1920, p.187.

10. Notule van die Kerkekantoor Commissie Vergadering, Maandag 18 October 1920, p.195.